

26 Julie 2021

Vir aandag: Lede van die Predikante- en Amptenare Pensioenfonds

Vriende

Verkiesing van die Bestuurskomitee

Goeiedag vanuit die Sinodehuis.

Ek rig hierdie skrywe na aanleiding van die Pensioenfonds se Omsendskrywe 3 van 2021 hierby aangeheg.

Die Bestuurskomitee se verkiesing word bepaal deur die reëls van die Pensioenfonds. Daarvolgens moet daar nou weer lede vir die Bestuurskomitee verkies word.

Die lede wat die **werkgewer** verteenwoordig, is die vier Uitvoerende Amptenare van die vier Transvaal Sinodes.

Die lede wat die werknemers verteenwoordig, moet verkies word. Om dit te kan doen, is daar nou die geleentheid om nominasies vir lede van die Bestuurskomitees te kan aanwys.

Oostelike Sinode word in die huidige struktuur verteenwoordig deur **ds Leon Westhof** (reeds aangedui dat hy nie weer beskikbaar is nie as gevolg van aftrede binne die volgende termyn) en **mev Cathy Odendaal** (haar naam het op die skrywe van die Pensioenfonds uitgeval – sy is Bedryfsbestuurder van Oostelike Sinode en is weer beskikbaar.)

Alle lede van die Predikante- en Amptenare Pensioenfonds word dus hiermee genooi om nominasies vir werknemer-lede vir die Bestuurkomitee voor te lê. Die voltooide nominasievorm moet teen 10 Augustus 2021 by theo@pensioene.co.za wees.

Ek heg hierby die oorspronklike skrywe vanaf Theo Smith aan asook 'n nominasievorm.

Seënwense,

FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR
NG KERK OOSTELIKE SINODE